SÊ JOU SÊ!

KONSEPWYSIGING VAN DIE VERORDENING OP INFORMELE HANDEL OM DIE BEDRYF VAN MOBIELE BESIGHEDE TOE TE LAAT

Die Stad Kaapstad het 'n wysiging aangebring aan die Verordening op Informele Handel om die bedryf van mobiele besighede toe te laat.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om vanaf 22 Mei 2023 tot 22 Junie 2023 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê.

Die voorgestelde wysigings aan die Verordening op Informele Handel kan op die Stad Kaapstad se webwerf www.capetown.gov.za/haveyoursay besigtig word.

Kommentaar, insette of aanbevelings kan voorgelê word per:

- E-pos: Mobile.BusinessPolicy@capetown.gov.za
- Webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Hand: Jou plaaslike subraadskantoor

Spesiale bystand sal verleen word aan diegene wat nie kan skryf of lees nie, diegene met gestremdhede en ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, sodat hulle insette of kommentaar aangeteken en aan die munisipaliteit voorgelê kan word. Kontak Mbuthokazi Kubashe by 021 400 9808 of mbuthokazi.kubashe@capetown.gov.za vir hulp.

Kontak Paul Williamson by 021 400 2808 of Mobile.BusinessPolicy vir enige navrae oor die voorgestelde handelsgebiede vir mobiele besighede.

LUNGELO MBANDAZAYO
STASBESTUURDER
CTA61/2023

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.